Op **Lourensford** *is daar alweer iets aan die borrel en bruis… kyk bladsy 3*

POLITIKA NUUSBRIEF

Julie 2010

Japie Basson doen dit weer!

Juwele uit 'n meesterlike verteller se politieke plakboek

André Liebenberg

Kaapstad – Die onblusbare Japie Basson maak vanjaar weer sy verskyning by die Kaapstadse Boekefees.

Die onblusbare gees en energie wat die politieke skrywer Japie Basson altyd uitstraal, sal vanjaar vir die vyfde maal by die Kaapstadse Boekefees te sien wees.

Basson het al 'n instelling by dié gewilde fees geword. Die laaste paar jaar het hy telkens 'n nuwe bundel politieke memoires gelewer– hulle is nou beskikbaar as 'n trilogie met die titels *Raam en Rigting in die Politiek*, *Politieke Kaarte op die Tafel* en *Steeds op die Parlementêre Kolfblad.*

'n Bundel met artikels wat hy vir die Sunday Times, Sunday Tribune en Eastern Echo geskryf het, het in 2008 as *State of the Nation* verskyn.

Later vanjaar gaan nog 'n opwindende en waardevolle boek uit Politika se stal met die titel *"Meneer die Speaker!"* bekend gestel word.

Die boek beloof om ewe interessant as die vorige drie te wees en hulle met ewe boeiende materiaal aan te vul.

Dit is 'n kosbare versameling van die mees opspraakwekkende en omstrede toesprake wat Basson in sy loopbaan van dertig jaar in die Volksraad gehou het.

Vir een van dié toesprake het dr. Hendrik Verwoerd hom só verkwalik dat Basson die Nasionale Party se koukus moes verlaat!

Voorts is daar sy toespraak oor "Die reg van selfbeskikking van volke"; die een oor die Ontugwet; die leierskap van die VP; die "Oorlog teen die burgery van Kaapstad"; en sy baie belangrike toespraak oor federalisme.

In hierdie boek maak ons weer kennis met Basson se ongelooflike ervaring en politieke insig – danksy die besondere versameling Hansards, politieke plakboeke en buiteparlementêre toesprake wat hy tot Politika se beskikking gestel het.

Al vier gepubliseerde werke is reeds herdruk. Bestellings (en vooruitbestellings vir *"Meneer die Speaker!"*) kan geplaas word by Politika, Posbus 32156, Kampsbaai, 8040, of per telefoon by 083 252 8186, of per e-pos by **info@politika.co.za** P

Japie's finest hour *By Gerald Shaw*

I WAS IN THE PRESS GALLERY in the 1960s and I have some very vivid memories of Japie Basson standing at his front bench in the House of Assembly, facing his old Dagbreek contemporary at Stellenbosch, the formidable John Vorster. In the memorable exchanges between them, Japie always commanded the rapt attention and respect of both sides of the House. He was certainly the finest parliamentary orator of his day.

The political correspondents in the press gallery used to beat a path to Japie's door, knowing they would hear a sharp, incisive and well-informed analysis of the current scene from a man who had once been a journalist himself and had scant time for party politicking.

There are speeches of Japie's during his 30 years as an MP that will live on in the history books … his courageous defiance of Dr Verwoerd, which led to his expulsion from the National Party Caucus … his prophetic warning that black South Africans would not forever be satisfied with "crumbs from the white man's table". And there was his denunciation of John Vorster's backing of the mass police assault on students and passers-by at St George's Cathedral in June 1972, when he accused the NP of "making war on the citizens of Cape Town".

...Die Bassoon 25 Julie 2008

Delamaine du Toit

Medikus, skrywer, vertaler

Dante Alighieri is ongetwyfeld die grootste Italiaanse digter van alle tye, en dus nie 'n man om sonder handskoene aan te pak as dit by vertaalwerk kom nie.

Delamaine du Toit, 'n boorling van Worcester wat in 1944 die grade M.B. Ch.B. aan die Universiteit Kaapstad verwerf het, en in 1951 'n doktorsgraad in geneeskunde aan die Universiteit van Leiden, het aan die einde van 'n lang en suksesvolle loopbaan – onder meer as hoof- konsulterende ginekoloog van die Geneeskundefakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch – kans gesien vir die reusetaak om Dante se *Divina Commedia* in Afrikaans te vertaal.

Terwyl hy nog gepraktiseer het, het hy deeltyds Italiaans begin studeer. In 1971 het hy 'n B.A.-graad met Italiaans as hoofvak aan Unisa verwerf, en in 1992 verwerf hy die graad B.A. (Hons.) in Italiaans.

"Dr Du Toit has translated true to the Machiavelli text and has rendered it possibly even more readable than the Italian.
"It is no easy task to put Italian into a readable and manageable Afrikaans."
Paul Murray

Die *Divina Commedia* – in Middeleeuse Italiaans geskryf – was destyds vir die Afrikaanse leser moeilik toeganklik, ook weens die histories-literêre konteks daarvan.

Du Toit het die taak egter met durf aangepak, en uiteindelik het die werk in Afrikaans verskyn – ses boekdele daarvan: die vertalings van die drie dele (*Inferno, Purgatorium, Paradiso*), elk met 'n bundel aantekeninge by, om die werk vir die moderne leser meer toeganklik te maak.

In 1993 – met die publikasie van *Die Hel* – is die Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning vir Vertaalde Werk aan Du Toit toegeken, en weer in 1999 en in 2005, met die verskyning van onderskeidelik *Purgatorium* en *Die Paradys*.

In September 2004 kry hy internasionale erkenning: hy word na die 7de Internasionale Kongres oor die Italiaanse Letterkunde in Ravenna, Italië, genooi om die openingsrede te lewer en uit sy vertaling voor te lees – in die basilika waar Dante se graf is.

Hy moes ook talle onderhoude aan die Italiaanse media toestaan.

Machiavelli

Du Toit het dit egter nie daar gelaat nie. In 2008 besluit hy dat hy Niccolò Machiavelli se omstrede boek *Die Prins* – en daarmee ook Machiavelli sélf – in ere wil herstel.

Machiavelli (1469-1527) is beskou as 'n gewetenlose politieke opportunis, en *Die Prins* het soveel opskudding en haat veroorsaak dat daar gesê is dat dit deur die hand van Satan geskryf is.



Met hierdie vertaling word Machiavelli egter aan Afrikaanse lesers bekend gestel as staatskundige, geskiedskrywer en oorlogkundige.

Litnet-kommentaar

Met die verskyning van *Die Prins* lewer Paul Murray op LitNet as volg kommentaar:

"Dr Du Toit has translated true to the Machiavelli text and has rendered it possibly even more readable than the Italian.

"It is no easy task to put Italian into a readable and manageable Afrikaans.

"Dr Delamaine du Toit has brought great honour to his language by enriching its literature beyond measure." P

Bestel by Politika, telefoon **083 252 8186** of **info@politika.co.za** of **gdutoit@finetype.com**.

ONS HOOFBORG

LOURENSFORD: Juweel van die Kaapse Wynland

By Lourensford gebeur dinge dwarsdeur die jaar

Lourensford-landgoed, een van Willem Adriaan van der Stel se wynplase wat in 1700 gevestig is, is waarskynlik een van die mooiste wynplase ter wêreld.

Dit behoort aan Christo Wiese, skoonseun van Japie Basson, en is toegerus met 'n ultra-moderne wynkelder en tegnologie wat in die suidelike halfrond geheel en al uniek is.

Maar op Lourensford word daar nie net wyn gemaak nie – die landgoed bruis dwarsdeur die jaar met allerhande projekte en bedrywighede, van 'n Montessori-skool tot 'n koffie- en 'n kaasmakery – om nie te praat van die uitsonderlike heuninglikeur wat ook op die landgoed vervaardig word nie.

Gesinspret

'n Gesinsuitstappie na Lourensford kan 'n hele dag duur, en geen oomblik daarvan sal vervelig wees nie.

Begin by die *River Garden*-restaurant en deli – vars brood word van vroegoggend af op die landgoed gebak, en daar is 'n speelpark vir kinders asook 'n reuse-grasperk waar hulle na hartelus kan rondhardloop.

Dis ook 'n belewenis om deur Lourensford se unieke fynbos te wandel, en dan 'n blaaskansie te geniet by die koffiemakery: let wel, nie 'n koffiewinkel (*Coffee Shop*) nie, maar 'n roostery waar koffiebone van oor die hele wêreld heen deur koffiemaker Lucien gerooster, gemaal en verpak word.

Kontak Lucien Verrezen by **021 847 0536** of **lucien@coffeecompany.co.za**.

Daarna kan besoek afgelê word by die kaasmaker, James Healy, wat die wonderlikste cheddar op die landgoed vervaardig. Hierdie kaas word geheel en al natuurlik en organies vervaardig, sonder kunsmatige geur- of preserveermiddels, bygevoegde hormone en ander gesondheidsbedreigende gevaartes.

Kontak Healey's by **021 847 0480** of **finewine@icon.co.za**.

Aan die einde van so 'n dag is daar niks beter as om van Lourensford se beroemde wyne te gaan proe nie. Die wynkelder is tot 5-uur smiddae oop. Rond die dag af met 'n sonondertjie op *River Garden* se patio, met asemrowende uitsigte oor die Helderberg-kom.

Diens aan die gemeenskap

Vroeër vanjaar het Lourensford die *Miles for Smiles*-fietswedren aangebied om fondse in te samel vir die *Operation Smile*-projek, 'n instansie wat fondse insamel vir mense met gesplete verhemeltes.

Die wêreldbekende *Cape Epic*-padfietswedloop begin en eindig elke jaar by Lourensford, en die landgoed bied dikwels groot konserte van internasionale kunstenaars aan.

Volgende jaar in Maart word die *K-day Musiekfees* daar gehou, soos ook vanjaar gebeur het.

Die Lourensford- vlieghengelklub is 'n eksklusiewe klub met 'n beperkte aantal lede. Forel (heel, gefillet en gerook) word deur Gerhard Compion aan die *River Garden Terrace* verskaf.

Kontak Gerhard Compion by **(083) 308-7520** of **gcompion@lourensford.co.za**.

Onthou ook van die heerlike plaaslike heuning en konfyt wat te koop is; en besoek beslis die kunstenaar Frans Groenewald wat in sy ateljee op die landgoed humoristiese afdrukke met die handelsmerk Vespaghetti verkoop. P

Feestelike Frankryk:

Fabels en Geregte uit die Franse Platteland

deur Louis Jansen van Vuuren, Hardy Olivier en Anet Pienaar

Dié boek vertel die verhaal van drie Suid-Afrikaanse vriende – 'n wêreldbekende skilder, 'n passievolle sjef en 'n sjarmante skrywer – op soek na die avontuur van 'n leeftyd. En is daar 'n beter plek om te begin as die Franse platteland?

Feestelike Frankryk is 'n pragboek vol van hul wedervaringe en reise, met foto's, stories en resepte as herinneringe aan al die slaggate in die pad as jy 'n droompaleis, eksotiese wyn en die beste plaaslike kos gaan soek.

Die drietal het 'n reis deur die Auvergne- en Limousin-streek aangepak, en vertel met liefde en humor van 'n soektog na 'n *chateau* om te koop, 'n speurtog na die volmaakte *croissant*, struwelinge met messelaars en tuiniers, buitensporige lang etenstye wat met 'n siësta besweer moet word, onderhandelings met plaaslike burokrate en die wonderlike rituele van die oggendmark.

Só word die boek 'n ryke tapisserie van die lewe op die Franse platteland.

Louis skilder en gee kunsklasse, Hardy beman die kombuis van hul eie *chateau* waaruit die heerlikste geure borrel, en Anet woel in haar Monet-roostuin en help om kos- en skryfgroepe 'n smakie van die idilliese lewe op die Franse platteland te gee.

Hierdie boek, in sy besonderse verpakking, lees soos 'n fabel en laat enige fynproewer smag na daardie lang tafel gedek met ou silwer en gestyfde tafeldoek, yskoue sjampanje, wit strooihoede en die geselskap van die skilder, skrywer en sjef.

Bestel by Anet Pienaar-Vosloo, telefoon **083 450 6689** of **anet@mweb.co.za**. P

Caroline van der Merwe

by Norman Smuts

Sculptures that speak for themselves

A sculptress born in Africa, with an inspirational feeling for the harmony of ancient Classical sculpture, yet gifted with a modern sensitivity directed mostly towards the female metaphor, well-known South African artist Caroline van der Merwe combines many inspirations and fuses them into sculptures of an extremely high quality.

It is these great qualities that inspired Norman Smuts. "I've always had much appreciation for Caroline's work. Every aspect of her art has inspired me to write this book." Norman, Caroline's son-in-law, is a radiologist with a keen interest in art, literature and music. He lives in Cape Town with his wife and two children.

Caroline counts amongst the most important internationally renowned sculptors. From her endearing inflated marble pigeons and the slim figures that recall the Etruscan "Ombra della Sera", to the more monumental and splendid female busts, Caroline uses her smooth, solid raw material to express, through beauty, the eternal values of life.

Caroline was born in Tanzania in 1932.
She received her art education at the Michaelis School of Art, University of Cape Town, under professor Lippy Lipschitz.

Subsequently she taught sculpture in Cape Town, amongst others to the blind. She has had many exhibitions at home and internationally, and since 1983 lives and works in Pietrasanta, Italy.

She has received several awards, including the Silver Medal from the University of Pretoria and first Prize for Sculpture from *Arte Tourismo Industria Commercio Agricoltura*, in Pavia, Italy. In 1995 the University of Stellenbosch hosted a retrospective of her work at the Sasol gallery.

Of her work Caroline says: "As an artist I feel I must make sculptures and not talk about them too much. The sculptures must speak for themselves or else I have failed in my objective."

Caroline has displayed collections in the Pretoria Art Gallery and the Museo Vito Mele, Basilica Santa Maria di Leuca, Lecce, Italy, and private collections in Germany, Italy, Australia, Israel, Switzerland, Finland, France and South Africa.

"I have now moved on and am working on archangels with one great wing, all done directly in plaster of Paris.

They are waiting for someone to order them to be cast in bronze.

"I do not know where the idea came from, but I realize that winged figures have been with me for a long time now. It was time to do something about it."

Caroline's books can be ordered from Norman Smuts at norman.s@webmail.co.za, or call him on (021) 686-6716. Caroline herself can be contacted at carolinemerwe@gmail.com, or visit her website for information on her works and current exhibitions: www.caroline-v-d-merwe.com. P

Abdul Amien

Baasboekontwerper – en nie net vir Politika nie!



ABDUL AMIEN, boekontwerper uit die boonste rakke en jarelange vriend van Politika, is die baasbrein wat Basson se boeke uiteindelik laat lewe.

Abdul is gebore in Distrik Ses, en het eers in Albertusstraat skoolgegaan en later by die Hoërskool Roggebaai, waar hy sy Senior Sertfikaat behaal het.

In 1969 het hy 'n Diploma in Grafiese Ontwerp aan die Michaelis-Kunsskool in Kaapstad behaal, en daarna lank vir G&G Design in Kaapstad gewerk. In daardie tyd het hy meestal vir uitgewers soos Tafelberg, Human & Rosseau, Juta, Struik, Nasou, Kwêla en David Phillip gewerk.

In 1989 het hy besluit om sy eie pad te loop, en werk sedertdien van sy huis in Grassy Park. Hy het al verskeie bekende skrywers se boeke ontwerp, onder meer *Country of my Skull* van Antjie Krog, en *A Change of Tongue* deur dieselfde skrywer.

Abdul het in 1994 die Donford International Design-toekenning gekry vir die ontwerp van die boek *Ravenswood*, 'n historiese gebou in Hatfieldstraat, Kaapstad.

Hy is ook die ontwerper van talle gedenkboeke van vele van die beroemde skole in Suid-Afrika, onder meer dié van SACS, Rondebosch, Bishops en meer onlangs van Queen's College in Port Elizabeth.

Skakel Abdul by **(021) 705-8612.**

Uitgegee deur Politika Uitgewers, Kaapstad
Posbus 32156, Kampsbaai, 8040
Selnommer: 083 252 8186
Webwerf: www.politika.co.za
Saamgestel deur: Hesti van der Mescht
Ontwerp: Abdul Amien